NG Kerk Vrystaat | Vrouelidmate

1 Februarie 2016

**AAN ALLE VROUELIDMATE**
**NG KERK VRYSTAAT**

Liewe dames

Hierdie jaar het so vinnig weggespring, maar tog beteken hierdie wens vir my só baie en gee dit my soveel VREDE oor 2016, dat ek dit tog graag met julle wil deel ('n boodskap gestuur deur Anita Nel van ons SKITTERVROUE-groep!):

**Ps 23:6 -** *Goedheid en Guns sal jou volg, oral waar jy gaan*
**Rom 8:37 -** *Ek is 'n OORWINNAAR, ongeag my omstandighede*
**Rom 8:28 -** *Alles sal ten goede meewerk*
**Fil 4: 6-7 -** *Ek hoef oor niks besorg te wees nie, want ek gaan BO-NATUURLIKE VREDE ontvang*
**Pet 2:24 -** *Ek kan vra vir gesondheid*
**Hag 2:8 -** *Ek is SKATRYK, want al die goud en silwer behoort aan my PA*
**Jes 54:7 -** *Geen slegte planne wat teen my gesmee word, sal uitwerk nie*
**Sag 2:8 -** *EK IS MY PA SE OOGAPPEL!*

Om hiervolgens te leef – kan die lewe net makliker maak!

Die SKV het die afgelope naweek 'n beplanningsnaweek gehad en ons gee graag die volgende belangrike inligting aan gemeentes (vrouelidmate) deur:

1. **TOERUSTINGSNAWEEK – MASELSPOORT, 12 - 14 FEBRUARIE 2016:** Die ***program*** vir dié naweek is hierby ***aangeheg***. Ons sien daarna uit om julle vir 'n onvergeetlike naweek te ontmoet.
   **Tema:** "*Back to Basics*"
   **Bring asseblief die volgende saam: '**n Bybel; gemaklike klere (informeel!); ekstra koffie, tee en iets te ete soos beskuit (opsioneel); eie beddegoed (dit word wel verskaf); handdoek.

2. **TOERUSTINGSKURSUS 17 - 19 FEBRUARIE 2017:** Inligting hieroor sal bekend gemaak word.

3. **GESAMENTLIKE WÊRELDBIDDAG VIR VROUE:** Op Sondag 6 Maart 2016 in Bloemfontein by die Tweetoringkerk, word 'n gesamentlike biddag vir vroue gereël. Mev Maretha Maartens sal die boodskap bring - ons nooi alle gemeentes in die Bloemfontein-omgewing uit om hierdie geleentheid by te woon.

4. **VROUELIDMATE *FACEBOOK* BLAD:** Ons wil baie graag weer 'n inligtingsblad vir Vrouelidmate, nie net van die SKV nie, maar van gemeentes en wat in gemeentes gebeur, op die been bring. Ons versoek dat gemeentes inligting, hetsy van 'n byeenkoms, of foto's, ensovoorts, wat die vroue interessant kan vind, aan vrouelidmate@gmail.com stuur.

**Voorsitter: Anso Steyn sel: +27 (0) 82 773 2612 e-pos: anssteyn@mweb.co.za**
Kantoor: Sel: +27 (0) 71 250 0272 | Faks: + 27 (0) 86 649 9586 | E-pos:vrouelidmate@gmail.com

5. **KONTAKBESONDERHEDE:** Ons herinner weer die dames daaraan dat ons kontakbesonderhede verander het:
Anel van Zyl - Sekretaresse
**E-pos:** vrouelidmate@gmail.com
**Sel:** 071 250 0272
Anso Steyn - Voorsitter
**E-pos:** anssteyn@mweb.co.za
**Sel:** 082 773 2612

6. **PROJEK 2016 – NB!:**

In ons plattelandse dorpe is daar soveel krisisse met water en skoon drinkwater. Met ons tema: ***BRIEKLOOS VIR CHRISTUS*** en ons logo, "Die Windpomp", wil ons dit graag meer prakties aan ons gemeenskappe deurgee. Ons vra alle vrouelidmate om indien daar watertenke in julle dorpe/gemeenskappe opgerig is, 'n Bybelvers op die tenke aan te bring, hetsy te verf of op te plak. Een van die verse wat ons voorstel is, Ps 23:2, *Hy bring my by waters waar daar Vrede is* - verkieslik in Afrikaans en Sotho, of Engels en Sotho.

Indien daar nie sulke watertenke is nie, **daag ons die Vrouedienste uit** om 'n tenk aan te koop en by 'n plek naby die kerk op te rig, sodat daar drinkwater beskikbaar is. **Neem inisiatief en gebruik dié geleentheid om die Woord op so 'n wyse by mense uit te bring!**

Stuur asseblief vir ons foto's van hierdie projek na vrouelidmate@gmail.com sodat ons dit op *Facebook* kan plaas!

Ons sien uit na die res van 2016, asook die bydraes van vrouelidmate in die Koninkryk om Sy kerk op aarde uit te brei. Onthou, JY IS DIE KERK wat Hom verteenwoordig en daarom is ons altyd gretig om in Sy diens te staan!

Mooi loop...

**Anso Steyn**
**Voorsitter Vrouelidmate Vrystaat**